



## KOMMANDANT-GENERAAL PIETER POTGIETER

Kmdt.-Genl. Pieter Potgieter is op 6 November 1854 by die ingang van 'n grot of spelonk in die berge naby die huidige Potgietersrus deur 'n koeël dodelik getref. Die geweer is deur 'n Swartman binne-in die grot afgevuur, en die generaal het in die bek van die grot geval.

Paul Kruger, die latere Staatspresident, het sy generaal daar gaan uithaal en op sy skouers na veiligheid gedra. Maar hy was reeds dood.

Honderde burgers was by die grot bymekaar om die opperhoof, Makapan, en sy volgelinge daar uit te haal. Hulle het in die ingewande van die berg gaan skuiling soek nadat Hermanus Potgieter en twee gesinne onverwags langs die Nylrivier, by die huidige Moorddrif en Pruizen, vermoor is. Agt-en-twintig mense — mans, vrouens en kinders — is daar om die lewe gebring. Die mense het van Soutpansberg af met ossewaens gereis om in Nylstroom se omgewing te gaan kuier. Niemand het die wreedhede verwag nie en die bloedvergieting het skielik op die Blankes losgebars.

Ná die slagting het genl. Potgieter die burgers gekommandeer om die skuldiges te straf. M. W. Pretorius het ook vanaf die Magaliesberg gekom om die opperhoof te straf.

Makapan en sy mense wou nie uit die grot kom nie en die burgers kon hulle nie daar gaan uithaal nie want hulle het diep in die grot weggevlug. Die burgers het besluit om die

grotte te beleër, waarmee hulle in Oktober begin het. Talle van Makapan se mense het van dors en honger gesterf. Die hoofman wou egter nie uit sy skuilplek kom nie.

Daar word vertel dat Paul Kruger een nag op waaghalsige manier die grot binnegegaan en die Swartes in hulle eie taal toegesprek het. Hy het hulle aangeraai om uit te kom. Sommige verhongerde manne en vroue het met hulle kinders aan die versoek voldoen en hulle het water en kos gekry.

In die middel van Desember van daardie jaar het M. W. Pretorius en die burgers die beleëring gestaak nadat baie volgelinge van Makapan in die grotte gesterf het.

Genl. Piet Potgieter is op 7 November 1854 op sy plaas Middelfontein, naby die bekende Kranskop, ongeveer 16 km noord van Nylstroom, deur 'n Duitse sendeling, eerwaarde Zauberswieg-Schmidt, begrawe.

Honderd-en-tien jaar na sy afsterwe is sy beendere op 30 Mei 1964 voor die stadsaal op Potgietersrus herbegrawe. Die herbegraving was 'n indrukwekkende byeenkoms wat deur etlike duisende belangstellendes en familieledede bygewoon is. Die begrafnisdiens is in die Ned. Hervormde Kerk deur twee predikante gelei. Na die kerkdienste het die begrafnisstoet in ordelike rangskikking na die grafterrein beweeg. Daar was 'n leërorke en 'n kanonwa met militêre draers, hoogwaardigheidsbeksleërs, skoolkinders en lede van die publiek. Kranse is by die geleentheid namens die Regering, die Weermag, die burgemeester, die gemeenskap, die jeug, die familie en die Hoërskool Piet Potgieter gelê.

'n Monument vir kmdt.-genl. Piet Potgieter is op 7 Oktober 1971 voor die stadsaal van Potgietersrus onthul. Dit gee op 'n waardige wyse 'n beeld van die plek waar hy in die bek van die Makapangrot doodgeskiet is. Die onthulling is deur genl.-maj. H. de V. du Toit, S.M., waargeneem. Die monument toon 'n groot swart-marmer-granietgrafsteen, met 'n steenplaveide voorgrond en agter onder 'n groot boom is 'n rotskoppie waar groot rotblokke opmekaar op 'n natuurlike manier opgestapel is.

Op bronsplate is die volgende woorde in albei landstale aangebring: Kommandant-Generaal Pieter Johannes Potgieter gebore op 24 Desember 1822. Gesneuwel te Makapansgat op 6 November 1854. Begrawe op sy plaas Middelfontein naby Nylstroom. Hier herbegrawe op 30 Mei 1964 met volle militêre eerbewys. Potgietersrus is na hom vernoem. Ons eer sy nagedagtenis.

Kommandant Piet Potgieter het sy vader, die Voortrekkerleier. kmdt.-genl. Hendrik Potgieter, op 17 Maart 1853 opgevolg as kmdt.-genl. na die dood van die Voortrekkerpatriarg op 16 Desember 1852 op Schoemansdal aan die voet

van Soutpansberg. Hy het vrede nagestreef en op goeie voet probeer onderhandel om die welwillendheid van die opperhoofde in die Noorde te verkry. Daar was oënskynlik rus en vrede totdat die moorde by Moorddrif gepleeg is.

Pieter Johannes Potgieter is op die plaas Kommandodrif aan die Tarkarivier in die Cradock-distrik gebore. Hy was by sy vader se Trek toe die Slag by Vegkop plaasgevind het, en hy het aan die geveg deelgeneem.

Volgens mnr. A. J. Dieperink, kurator van die museum op Potgietersrus, is daar nêrens 'n foto van die generaal nie. (Met erkenning van die Taalgenoot, Oktober 1976: Tydskrif van die A.T.K.V. geskrywe deur dr. J. J. van Tonder.)

## **WHO DANIEL THERON WAS**

**By Ingrid Shapiro.**

Daniel Theron was a Boer scout, born in the Cape Province around about 1870. He settled in the Transvaal in 1891, and practised in Krugersdorp as a law agent.

His name was in the news for assaulting W. F. Monypenny, editor of *The Star* (q.v.) for certain allusions in his pages, allegedly insulting to womanhood. He was fined, but money was promptly collected from sympathisers.

He joined the Boer forces in the South African War as a captain in the Transvaal Cyclist Corps. After the battle of Colenso, he was placed in charge of a special group of scouts, among whom his feats became a legend.

He was killed while in action in 1900, and buried in Eikenhoff at the Eikenhof Cemetery.

## **A VISIT TO EIKENHOF CEMETERY**

**By Ingrid Shapiro.**

On Saturday morning, the 31st May, 1975, which was Republic Day, Mr. Hammond kindly took all the prefects who were able to come, to the Eikenhof Cemetery — the cemetery where Daniel Theron, better known as Danie Theron is buried.

Unfortunately it was raining, but it was still a great experience.

Heather Stewart and Ivan Pentz, the headgirl and head-boy of our school, the Milton School, laid a wreath on this great man's grave.

The ceremony took approximately one and a half hours, and was conducted in Afrikaans only. After we had heard all the speeches, every school laid their wreaths as called upon. A few schools sang songs about Danie Theron. It really was beautiful singing, and every one thoroughly enjoyed it.

Milton School has something to be very proud of — this is, that Milton was the only English-speaking school present at this ceremony.